Tuinroete Agri Bpk/Ltd
Reg No: 1997/003183/06
Industrieweg/Industry Road
Posbus/PO Box 70
Mosselbaai/Mossel Bay 6500
T: +27 (0)44 601 1200
F: +27 (0)44 695 1746
www.tagri.co.za

5 Oktober 2011

GRAANLEWERINGSPROSEDURES – 2011/2012

Die graanafdeling van Tuinoete Agri wil graag die onderstaande reëlings en prosedures kommunikeer om die lewering van graan in die 2011/2012 seisoen te vergemaklik.

Vergewis u self asseblief van die onderstaande en indien daar enige onduidelikheid is, moet dit asseblief vroegtydig met die betrokke silo-bestuurder of Hanno Laufs uitgeklaar word.

ONTVANGSPUNTE

Die volgende grane sal by die onderstaande depots ontvang word:

	Riversdal	Albertinia	Herold	Avontuur
Koring	✔	✔	✔	
Canola	✔			
Gars	✔	✔	✔	✔
Hawer	✔	✔	✔	✔
Korog	✔	✔	✔	✔
Koljander	✔			

Beskikbare kapasiteit kan 'n rol speel met die ontvangs van gars, hawer en korog, maar sal daar sover as moontlik gepoog word om alle lewerings te ontvang.

LEWERINGSTYE

Die onderstaande tye sal dien as riglyn vir wanneer grane ontvang sal word.

Weersomstandighede en ander faktore sal voortdurend in ag geneem word met die bepaling van die tye en Tuinroete Agri sal dit sover as moontlik aan die produsente kommunikeer.

Geen graan kan ongelukkig ontvang word terwyl dit reën nie.

Produsente word ook versoek om met die silo-bestuurder te skakel in hierdie verband.

Normale ure	Maandag - Vrydag	07:30 tot 13:00 en 13:30 tot 17:00
	Saterdag	Gesluit
Spitstyd-ure	Maandag - Vrydag	07:00 tot 19:00
	Saterdag	07:00 tot 16:00

LEWERINGSMETODE EN VLOEI VAN VERKEER

Produsente word aangemoedig om graan sover as moontlik in losmaat te lewer met voertuie wat selfledigend is. Dit vergemaklik die ontvangs van grane en daar kan meer vragte per dag afgelaai word.

Tuinroete Agri behou die reg om lewerings op 'n ander metode as die bostaande te herskeduleer tot 'n latere stadium.

Die personeel by die depots het die reg om verkeer op die silo-terrein te reguleer om sodoende te verseker dat die aflaai van graan bespoedig word.

GRADERINGSBEPALINGS

Proteïenbepalings

In die geval van koring word proteïenbepalings gedoen op 'n monster nadat alle onsuiwerhede verwyder is.

Direkteure/Directors:
H H Pienaar (Voorsitter/Chairman)
J H Robertson (O-Voorsitter/V Chairman)
J D Weys (Besturend/Managing)
O J Badenhorst (Finansieël/Financial)
S Mkhize · Ms P S Norris · M Pienaar
K R Reitz · J E Robertson
J J Streicher · B Zondagh

Sifselaanpassings
Die volgende % hanteringsverlies sal van gelewerde graan afgetrek word in terme van die sifselaanpassing.

- 0.75% aftrekking op graan met 'n sifselinhoud van 0% tot 2%
- 1.75% aftrekking op graan met 'n sifselinhoud van 2. 1% tot 3%
- 2.75% aftrekking op graan met 'n sifselinhoud van 3. 1% tot 4%
- 3.75% aftrekking op graan met 'n sifselinhoud van 4. 1% tot 10%

Chemies behandelde graan
Tuinroete Agri sal onder geen omstandighede graan aanvaar wat chemies behandel is nie. Sodanige lewerings kan lei tot die afgradering van 'n totale buis wat 'n enorme finansiële implikasie kan inhou.

Daar sal 'n monster gehou word van elke lewering wat gedoen word en kan 'n produsent die verpligting oploop om alle gekontamineerde graan oor te neem.

Produsente word versoek om te verseker dat alle opbergingsgeriewe, toerusting en voertuie skoon van chemiese stowwe voor enige lewerings gemaak word.

Versteekte graan
Tuinroete behou die reg om ter eniger tyd weer 'n monster te neem van lewerings by die punt van aflaai. Sodanige lewering kan dan hergradeer word indien versteekte grane gevind word.

Droging van graan
Die maksimum voginhoud van graan vir lewering by Tuinroete Agri is as volg:

Koring	16%
Canola	12%
Gars	13%
Hawer	13%
Korog	13%

Graanpersoneel kan die maksimumvlakke aanpas of lewerings herskeduleer indien die beskikbare drogingskapasiteit dit noodsaak.

'n Volume aanpassing sal gedoen word vir koring wat gelewer word met 'n vogpersentasie van meer as 12.5%.

Canola wat gelewer word, sal nie gedroog kan word. Dit word uitgelaai en deur SOILL gedroog.

Die drogingstariewe sal per aangehegte skedule op 'n leweringsbasis gefaktureer word.

DOKUMENTASIE EN KONTRAKBEPALINGS
Met die ontvangs van die graan sal 'n leweringsdokument ingevul word met die besonderhede van die graan sowel as die detail van die gradering.

Op hierdie punt moet gespesifiseer word of die graan op die produsent se eie naam ontvang moet word en of dit op 'n koperkontrak ontvang moet word.

Indien dit nie gespesifiseer word nie, sal die graan op die eie naam kontrak ontvang word. Van hier kan dit na 'n koperskontrak geskuif word indien Tuinroete Agri skriftelik in kennis gestel word.

Na die uitweeg van die vrag sal daar 'n gedrukte leweringsdokument verskaf word. Ons doen 'n beroep op produsente om hierdie dokument noukeurig na te gaan en enige navrae so spoedig moontlik onder die silo-bestuur se aandag te bring. Rapportering van foute na 24 uur bemoeilik regstellings en wil Tuinroete Agri dit sover as moontlik voorkom.

UITBOEK VAN STOORTARIEWE
Produsente van wie graan op eie-naam gelewer is sowel as kopers moet teen die eerste Vrydag van Desember (Vrydag. 3 Desember 2011) aandui of die stoorkoste teen die jaartarief of teen die dagtarief uitgeboek moet word.

Indien geen keuse uitgeoefen word nie, sal die koste teen die jaartarief uitgeboek word.

Die inlaaitarief sal teen die middel van Desember gefaktureer word en die uitlaai-tarief of dagfooi sal gefaktureer word met die uitreik van 'n silo-sertifikaat of met die uitlaai van die graan.

TARIEWE
'n Volledige uiteensetting van die verskillende tariewe is beskikbaar by al die depots.

KONTAKBESONDERHEDE

Riversdal Silo	Chris van Schalkwyk	028 713 2404	082 926 5240
Albertinia Silo	Barnie Barnard	028 735 1094	084 012 9380
Herold Silo	Freis Louw	044 888 1626	
Avontuur Silo	Piet Swart	044 752 3004	
Hanno Laufs		028 713 2404	083 380 1314
Oeloff Badenhorst		044 601 1200	083 463 2415

OJ BADENHORST
FINANSIËLE DIREKTEUR